higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

29 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A		
	1.1.2	C		
	1.1.3	B		
	1.1.4	B		
	1.1.5	D		
	1.1.6	A		
	1.1.7	A		
	1.1.8	A		
	1.1.9	B		
	1.1.10	C		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Sekondêre sektor/nywerhede		
	1.2.2	Negatiewe		
	1.2.3	Utiliteit		
	1.2.4	Maksimalisering		
	1.2.5	Nemers		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	Gesondheid		
	1.3.2	Vier		
	1.3.3	%ΔQD/%ΔP		
	1.3.4	Voedsel		
	1.3.5	Nie verander nie		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	C		
	1.4.2	A		
	1.4.3	B		
	1.4.4	E		
	1.4.5	F		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Markbeperkings is beperkende faktore wat die verkoop of koop van goedere en dienste in die mark bepaal, bv. mededingers. (2)

2.2 2.2.1 Ekwilibriumprys is R30✓✓
Ekwilibriumhoeveelheid is 60✓✓ (4)

2.2.2 Teen die prys van R10✓en R20✓ (2)

2.2.3 Teen die prys van R40 ✓en R50✓ (2)

2.3
- 'n Verandering in inkomste:✓ 'n Toename in verbruikers se inkomste veroorsaak 'n hoër aanvraag.✓
- 'n Verandering in verbruikers se voorkeure:✓ As verbruikers se voorkeure verander, verander die aanvraag na produkte ook.✓
- 'n Verandering in die bevolking:✓ As die bevolking in die land toeneem, veroorsaak dit 'n toename in die aanvraag na produkte en dienste.✓
- 'n Verandering in die prys van komplementêre produkte:✓ 'n Verandering in die prys van komplementêre produkte veroorsaak ook 'n verandering in aanvraag.✓
- 'n Verandering in die prys van plaasvervangende produkte:✓ As die pryse van goedere verander wat soortgelyke behoeftes bevredig, sal die aanvraag na sulke goedere ook verander.✓
- Verwagtings van verbruikers: As verbruikers verwag dat daar 'n tekort aan 'n sekere produk gaan wees, sal hulle in afwagting daarop meer van daardie produk koop. (Enige 5 × 2) (10)

2.4 Kruiselastisiteit van aanvraag verwys na 'n persentasieverandering in die aangevraagde hoeveelheid van produk A oor 'n persentasieverandering in die prys van produk B,✓✓ terwyl inkomste-elastisiteit van aanvraag verwys na 'n persentasieverandering in die aangevraagde hoeveelheid oor die persentasieverandering in inkomste.✓✓ (4)

2.5
- Volmaakte elastiese aanvraag:✓ enige prysverhoging sal veroorsaak dat die aangevraagde hoeveelheid na zero daal en 'n prysdaling sal nie verkope laat styg nie.✓
- Relatiewe elastiese aanvraag:✓ 'n relatiewe klein prysverandering veroorsaak 'n relatiewe groot verandering in die aangevraagde hoeveelheid.✓
- Unitêre elastiese aanvraag:✓ die hoeveelheid verandering in aanvraag is gelyk aan die hoeveelheid verandering in prys.✓
- Volmaakte onelastiese aanvraag:✓ 'n prysverandering veroorsaak nie 'n verandering in die aangevraagde hoeveelheid nie.✓
- Relatiewe onelastiese aanvraag:✓ die persentasie verandering in die aangevraagde hoeveelheid is kleiner as die persentasie verandering in die prys van die produk.✓ (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.6
- Aard van die kommoditeit
- Beskikbaarheid van plaasvervangers
- Inkomstevlak
- Prysvlak
- Uitstel van verbruik
- Getal gebruike
- Tydperiode
- Gedeelte van totale besteding (Enige 6 × 1) (6)

2.7

MAKRO-EKONOMIE	MIKRO-EKONOMIE
• Dit is die studie van die ekonomie van 'n land as geheel of van die hele wêreld. • Daar is grootskaalse ekonomiese besluite wat deur die regering gemaak word. • Daar is 'n breë veld van ekonomiese studie wat op die hele land fokus, insluitende faktore wat verbruikers se totale besteding beïnvloed.	• Dit is die studie van individuele verbruikers en vervaardigers se ekonomiese gedrag. • Daar is kleinskaalse besluite wat deur individue en sake-ondernemings gemaak word. • Daar is klein, gedetailleerde prentjies wat fokus op verbruikers se bestedingsgebruike en hoe maatskappye wins maak.

(Enige TWEE toepaslike verskille tussen makro-ekonomie en mikro-ekonomie) (8)

2.8 Geleentheidskoste is 'n opoffering wat 'n mens bereid is om te maak wanneer een alternatief bo 'n ander verkies word. (2)
[50]

VRAAG 3

3.1 Die opgebruik van goedere en dienste om begeertes of behoeftes te bevredig. (2)

3.2 3.2.1 Die tevredenheid wat verkry word deur die opgebruik van goedere en dienste. (2)

3.2.2 A = 18✓ + 6✓
= 24✓✓ (4)

3.2.3 Marginale utiliteit is die bykomende tevredenheid wat verkry word van die verbruik van een bykomende eenheid van goed of 'n diens. (2)

3.3
- Rentekoerse:✓ hoër rentekoerse sal mense aanmoedig om meer te spaar.✓
- Beskikbaarheid van toepaslike spaarskemas:✓ meer opsies sal dit vir mense aantrekliker maak om te spaar.✓
- Grootte van werklike besteebare inkomste:✓ as daar geld oor is nadat mense belasting betaal het, sal mense aangemoedig wees om te spaar.✓
- Reklame:✓ kennis van wat by finansiële instellings beskikbaar is, kan veroorsaak dat mense meer wil spaar.✓
- Vertroue:✓ vertroue in finansiële instellings kan mense aanmoedig om te spaar.✓
- Inflasiekoers: as inflasie hoog is, sal mense minder spaar.
- Begeerte om te spaar: sommige mense wil meer as ander spaar.

(Enige 5 × 2) (10)

3.4
- Utiliteit van tyd
- Utiliteit van plek
- Utiliteit van besit
- Utiliteit van gerief (4)

3.5
- Vir noodgevalle
- Vir slegte tye
- Vir opvoedkundige doeleindes
- Om 'n huis te koop
- Vir finansiële vryheid
- Vir reisdoeleindes
- Vir aftreedoeleindes (Enige 5 × 2) (10)

3.6

Korttermynkoste	**Langtermynkoste**
• Periode van tyd waartydens die sakeonderneming te kampe het met ten minste een van sy produksiefaktore wat herstel moet word.✓✓ • Sakeonderneming in nie in staat om een van sy insette te verander nie.✓✓	• Periode van tyd waartydens al die produksiefaktore verander kan word.✓✓ • Sakeonderneming is in staat om al sy insette te verklein of vergroot.✓✓

(4 × 2) (8)

3.7 Eksplisiete koste: Direkte betaling✓ gemaak aan ander✓ in die loop van sakebedrywighede,✓ bv. betaling van lone,✓ terwyl implisiete koste enige koste of geleentheidskoste is wat reeds voorgekom het,✓✓ maar nie noodwendig as 'n aparte uitgawe aangetoon is of oor verslag gedoen is nie,✓ bv. die lone wat 'n werknemer kon verdien het as die vakansie/verlof nie geneem is nie.✓ (8)
Werklike besteding van 'n sakeonderneming, bv. lone en rente. **[50]**

VRAAG 4

4.1 Volmaakte mededinging: 'n Markstruktuur waar 'n groot getal kopers en verkopers teenwoordig is✓ en almal deelneem✓ aan die koop en verkoop van homogene produkte✓ teen 'n enkele heersende prys in die mark.✓ (4)

4.2 Hoeveelheid Q1 (2)

4.3 Die prys styg/neem toe✓ van P1✓ na P2.✓ (3)

4.4 Tussen pryse P1 en P2. (2)

4.5 Verskafde hoeveelheid sal toeneem✓ van Q1✓ tot Q2.✓ (3)

4.6
- Dit is ’n mark met ’n groot getal kopers en verkopers.✓ Dit behoort nie moontlik te wees vir een verkoper of koper om die prys van die produk te beïnvloed nie.✓✓
- Produkte wat verkoop word, is homogeen (identies).✓ Die produk behoort nie in styl, ontwerp en hoeveelheid te verskil nie.✓✓
- Daar behoort nie enige voorkeurbehandeling of diskriminasie te wees nie.✓ Daar is geen samespanning tussen kopers en verkopers nie.✓✓
- Daar is vryheid om tot die mark toe te tree en uit te tree.✓✓ Daar is geen hindernisse vir toetrede tot of uittrede uit die mark nie.✓
- Alle deelnemers het volmaakte kennis van die mark.✓ Al die kopers en verkopers beskik oor al die inligting van wat in die mark aan die gang is.✓✓ (5 × 3) (15)

4.7
- Daar is een verkoper.
- Produk wat verkoop word, is uniek en daar is geen plaasvervanger nie.
- Toetrede tot die mark is geblok.
- Daar is geen mededinging nie.
- Groot bedrag aanvangskapitaal word vereis.
- Dit is moontlik vir 'n monopolie om op die lang termyn ekonomiese wins te maak. (Enige 5 × 2) (10)

4.8
- Wetlike hindernisse
- Natuurlike hindernisse (2)

4.9
- Grond/natuurlike hulpbronne:✓ Alle hulpbronne wat uit die natuur kom.✓✓
- Arbeid:✓ Alle menslike inspanning wat gebruik word om goedere te vervaardig.✓✓
- Kapitaal:✓ Alle geld of toerusting wat in die vervaardigingsproses gebruik word.✓✓
- Entrepreneur: 'n Persoon wat 'n sakeonderneming begin en finansiële risiko’s neem met die doel om wins te maak. (Enige 3 × 3) (9)

[50]


VRAAG 5

5.1 5.1.1 'n Onverskilligheidskurwe is 'n grafiek✓ wat 'n kombinasie van twee produkte aantoon✓ wat die verbruiker ewe veel bevrediging✓ en utiliteit✓ gee. (4)

5.1.2
- Onverskilligheidskurwe neig afwaarts van links na regs.
- Hoër onverskilligheidskurwe word bo laer kurwes verkies.
- Onverskilligheidskurwes kan mekaar nie sny nie
- Onverskilligheidskurwes is konveks in vorm (buig inwaarts).

(4 × 2) (8)

5.1.3



Punttoewysing: Vir trek van korrekte grafiek = 3 punte
Vir korrekte byskrifte soos hier bo aangedui = 8 (11)

5.2
- Psigologiese behoeftes
- Veiligheidsbehoeftes
- Sosiale behoeftes
- Agtingsbehoeftes
- Selfverwerklikingsbehoeftes (5 × 1) (5)

5.3
- Menslike begeertes is onbeperk:✓ Mense is nooit tevrede nie, omdat nuwe begeertes een na die ander in vinnige volgorde ontstaan.✓✓
- 'n Spesifieke begeerte is bevredigbaar:✓ Alhoewel menslike begeertes onbeperk is en almal nie terselfdertyd bevredig kan word nie, kan 'n spesifieke begeerte bevredig word.✓✓
- Begeertes kom herhaaldelik voor:✓ Sommige begeertes kan tydelik bevredig word, maar na verloop van tyd onstaan hulle weer en daar is 'n herhaling van die begeerte.✓✓
- Begeertes is komplementêr:✓ Sommige goed kan begeertes bevredig wanneer hulle saam gebruik word en nie as 'n enkele eenheid nie.✓✓
- Begeertes is mededingend:✓ Menslike begeertes kan as gevolg van beperkte hulpbronne nie op een tyd bevredig word nie omdat hulle met mekaar meeding om bevredig te word.✓✓
- Begeertes is alternatief: Sommige begeertes kan op alternatiewe maniere bevredig word.
- Die dringendheid van begeertes verskil: Sommige begeertes is meer dringend as ander en behoort eerste bevredig te word.
- Begeertes verskil volgens persoon, plek en tyd: Sommige begeertes hang van die omgewing, houding en individu se sosiale status af. (Enige 5 × 3) (15)

5.4 Kapitalisme is 'n ekonomiese stelsel wat ekonomiese vryheid,✓ verbruikerskeuse✓ en ekonomiese groei✓ toelaat terwyl✓ sosialisme 'n ekonomie is wat deur die staat beheer word✓ en deur 'n sentrale beplanningsowerheid beplan word✓ en groter maatskaplike sorg (welsyn) verskaf.✓ (7)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou